# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

# Moses se Moses

**Skriflesing:**
2 Korintiërs 3 (1983)

**Teksvers:**
2 Kor 3:18

**Sing:**
Ps 90:1,9
Ps 51:1,3
Ps 119:39
Sb 8-1:1,2
Sb 20-2:1,4,5,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

In ons preekreeks oor Tweede Korintiërs kom ons nou by hoofstuk 3. Na analogie van Moses wat sy blinkende gesig met 'n sluier moes bedek, word ons geleer dat Christus baie groter is as Moses. Hy is Moses se moses.

In Christus word die sluier weggeneem en kan ons as kinders van God toenemend skyn met die heerlikheid (Grieks: doxa) van Christus! Hier stop Paulus die boelie van die wet en leer ons die vryheid in Christus.

## SONDAGAAND 18:00

# Die HERE ons God is Heilig

**Skriflesing:**
Habakuk 1:12-3:19

**Teksvers:**
Habakuk 2: 20

**HK**: Sondag 34

**Sing:**
Ps 98:1,2
Ps 119:1,7
Sb 2-2:1,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Habakuk worstel met die gedagte dat God toelaat dat die Chaldeërs wegkom met moord. Op sy wagtoring gaan sit hy, en dan antwoord die Almagtige dat hy geduldig moet wees om te sien wat gaan gebeur.

Nadat al die sondes en onreg aangewys is, bid die profeet 'n hartroerende gebed van God se redding. Dan erken hy wat gebeur het die oomblik toe God teenwoordig is.

Ons besef nie elke dag Wie God is nie. Ons raak so gewoond aan ons rituele en gebruike. Habakuk herinner ons die Almagtige God wat ons aanbid is Heilig.



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 49 Nr 04 11 Februarie 2024

# Corona Muralis

So onthou ek die week van die Pro Patria Medalje wat al ons manne destyds gekry het as jy vir 'n sekere aantal dae anderkant die kaplyn vir SA in die Bosoorlog gewerk of geveg het. Dit was so 'n algemene medalje dat die troepe van die *ProNutro* medalje gepraat het! In die Romeinse tyd het soldate ook erkenning gekry vir die dapperheid in die oorloë wat wyd en syd gevoer is. Een van die toekennings was die *Corona Muralis*.

Hierdie dekorasie is toegeken vir uitsonderlike dapperheid aan die soldaat wat eerste was om die vyandelike stadsmuur te bestyg en die Romeinse standaard (Vlagwapen) op die muur van daardie stad te plant (Aulus Gellius, Noctes Attici, 5.6.4).

Wat dit nou vir óns interessant maak is dat Paulus spottenderwys daaroor handel as hy in 2 Kor 11:23,33 daarin '*roem'* dat hy eerste was om in 'n mandjie van die stadsmuur van Damaskus *neergelaat te word* en so die vyand te ontvlug (Hd 9:23-25).

In die kerk van die Here en in sy magtige koninkryk word ons nie gedekoreer met pryse en medaljes of toekennings nie. Die wat laaste is sal eerste wees, het Jesus ons self geleer. As jy belangrik wil wees moet jy jou naaste se mindere word en diens lewer.

Dis nie sterkstes wat wen nie maar die nederiges en die sagmoediges en die treurendes. Wie sy/haar lewe wil behou moet hom/haarself verloën… Só hoor ons die stem van die groot Prediker van Nasaret.

Nuwe mense lewe nie meer vir hulleself in die hoop om geprys en vereer te word nie. Ons dien mekaar in liefde uit dank vir God wat ons eerste lief gehad het, en ons voel selfs eer daarin om vir Christus te ly.

Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 2, Ps 9:1,7 Volgende week: Les 3, Ps 9:1,7

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Dankbaarheidsfonds

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Sustentasiefonds

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings as hul eredienste bywoon.

| Kerk se bankbesonderhede: | Inbetalings vir die Diakonie: | Inbetalings vir die Susters: |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Bybelskool van Centurion 2024

bied aan

## *Wat is daar in 'n naam?*

*Het jy geweet daar is 3000 eiename in die Bybel?*

Dinsdae om 19:00

**Koste**: R100 pp

**Aanbieder**: Ds Maarten van Helden

***Almal welkom***

## Bybels

Bybels in al die amptelike tale sowel as in Swazi (Eswatini/Swaziland), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe), Frans (DRK), en Portugees (Mosambiek) op aanvraag beskikbaar. Grootdruk Afrikaanse Bybels ook beskikbaar.

**Hoe bestel u?** Kontak Esmé van den Berg op 083 381 6428 of skandeer die volgende kode en vul die bestelvorm in:

**Afrikaanse Bybels (2020 Vertaling)**

Beskikbaar by die kerkkantoor teen R100.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**11-Feb-24**

| | |
|---|---|
| Tarina Human | A2 |
| Sonja vd Dussen | B17 |
| Leandre Struwig | C4 |

**18-Feb-24**

| | |
|---|---|
| Anika Lindeque | A8, A9, A11, A14 |
| Esme vd Berg | C1,C15 |
| Larochelle vd Bergh | B14 |

## Sustersaamtrek 2024

Hiermee word u vriendelik uitgenooi na die Sustersaamtrek 2024.

**Datum**: 9 Maart 2024

**Plek**: Doornkloof Familiekerk,
Leoniestr 143, Doornkloof.

**Tema**: Groei deur die Seisoene

**Spreker**: Lindie Strydom

**Koste**: R200-00 per persoon

**Tyd**: 8:00 tot 13:30

U kan **nog net vanoggend** u naam opgee deur 'n Registrasievorm by die Olyfboom in te vul.

**Betalings**: Sustersrekening, sien Kommunikaatjie bl 2.

## Almanak 2024 (boek)

Beskikbaar by die kerkkantoor
@ R125,00
Bring asb die korrekte kleingeld

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teelwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verblyf beskikbaar** vir vroulike student, Erasmuskloof, R4000pm. Wifi, elektrisiteit en gebruik van wasmasjien ingesluit. Aandete kan verskaf word teen addisionele koste. Estelle 0824460443

**Opensky solar—**Terug skool toe aanbod **Inverter en battery combo** 1 5 kw sunsynk inverter 7 kw bsl lithium battery R47,500. Terwyl voorraad hou BTW en installasie uitgesluit Jean Barnard 0788818140 / 0833767523

**Opensky solar—**Terug skool toe aanbod **Inverter en battery combo** 2 8 kw sunsynk inverter 2 x 7 kw bsl lithium batterye R82,500. Terwyl voorraad hou BTW en installasie uitgesluit 0788818140/ 0833767523

***Publikasie***: *Rigting: Woord of Tydsgees* deur prof. Hendrik van der Wateren is nuut op Lig in Duisternis Uitgewers se rakke en ook beskikbaar op Amazon. Besoek hulle gerus indien u belangstel.

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.



## GKA Tentjie-aand

**Vrydag, 16 Feb om 18:00**

Bring en Braai

Ons begin met aktiwiteite vir die kinders vanaf 18:00 en beplan om saam te eet sodra ons klaar is.

Enige persone wat wil oorslaap of braai kan hulle name opgee by

**Ané vd Walt 084 549 9831/**

**Ds Gerrit 082 964 5595**

## Koningskinders-kamp

**20—24 Maart**

Ons benodig: bestanddele (volledige lysie by die hoofingang), kinderklere (5-12jr), groepleiers, 'n kosspan en adminbeamptes.

Enige fondse sal ook waardeer word.

Skenkings van alle produkte en benodighede kan op die stoep ingegee word.

Skakel ds Lourens 082 5292 330 vir enige navrae



# Verjaarsdae

### *Belydende lidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12-Feb | Marius | de Beer | B03 | 27845479575 |
| | Drikus | Klopper | B11 | 27728716977 |
| | Candice | v Niekerk | E01 | 27827797838 |
| 13-Feb | Elsa | Opperman | C01 | 27832686241 |
| | Ryno | vd Merwe | E01 | 27828507861 |
| 14-Feb | Elna | de Bruin | A02 | 27836642050 |
| 15-Feb | Anita | Snyman | B10 | 27723455880 |
| | Daniël | Swanepoel | C13 | 27832307436 |
| | Christa | Trichard | A03 | 27832605185 |
| | Riaan | Wattel | B17 | 27825292969 |
| 16-Feb | Ineke | de Klerk | A06 | 27828087700 |
| | Gerrit | Deist | B15 | 27832574306 |
| | Werner | vd Walt | A05 | 27823086238 |
| 17-Feb | Wilna | Algera | B06 | 27721340327 |
| | Liana | van Zyl | C13 | 27630208573 |

### *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13-Feb | Carla | van Brakel | E01 | 27827876497 |
| 15-Feb | Carla | Venter | C06 | 27767430890 |
| 16-Feb | Talia | Grimsehl | C09 | 27732595552 |
| 17-Feb | Philip | Maré | C15 | 27792587040 |

## Manne in Christus

24 Februarie
**06:00—08:00**
by GK Centurion

Ons as broers kom bymekaar om mekaar te bemoedig en saam te bid om manne vir Christus te wees.

**Alle broers welkom!**

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Charmaine Coetzee ondergaan die week 'n oogoperasie (C13—083 400 2724).
- Meelewing word betuig met:
  - Hein en Hilda Kaiser, Hein se suster en haar seun is tans besig met kankerbehandeling.
  - Henda Vreugde wie se kleinkind baie ernstig siek is.
  - Ronnie en Tersia Anderson na die afsterwe van Tersia se moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geestelike Opbou

van ~~25 Feb~~ vind plaas op **3 Maart**

na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Hoe die profesieë betrekking het op wat vandag in ons wêreld gebeur**

Almal welkom!

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: 2 Cor 3
Rev Maarten van Helden